

Jaargang 1 Uitgawe 3

ink

Gratis

Woensdag

11 Maart

2015

ORGIE

Weg met TABOES

André P. Brink 'het met Orgie
sy reputasie as voorste
eksperimenteerder bevestig'

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Kyk dit
vandag,
Vrydag en
Saterdag



As woorde, musiek
en animasie voëls
was... – Bl. 11



Portugese prins van
klawers het sy hart
op SA verloor – Bl. 8



HUISMOLES IN 'N GRIEKSE HUISHOUDING,
SOOS NET PAT STAMATÉLOS KAN

my **GROOT vet** GRIEKSE EGSKIEDING

Nou beskikbaar in winkels en as 'n eBoek



" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2015 Sanlam Musiekfees, 6-15 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Gryp 'n potlood teen die stres



Met twee inkleurboeke op die rak, die eerste een van die topverkopers in 2013, het Tanya O'Connor en Naledi-uitgewers beslis 'n aar raakgeboor.

O'Connor het vertel dat prentjies teken vir haar as kind 'n uitlaatklep was. Dit was haar manier om te ontsnap na 'n wêreld waar alles mooi en fleurig was. Sy het later begin besef haar vriendinne soek ook prentjies om in te kleur. Sy het aanvanklik goedkoop sketsboeke gekoop, prentjies daarin geteken en dit verkoop of weggegee.

Toe sy Naledi nader om die sketse in boekvorm uit te gee, was hulle aanvanklik lugtig. Toe die boeke weer en weer herdruk moes



Word weer soos 'n kind. 'n Inkleursessie is gister saam met Tanya O'Connor in die Coopmanshuijs gehou. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

word, het hulle besef dat O'Connor en haar vriendinne nie die enigstes is wat graag wil inkleur nie.

In die keurige eetkamer van die Coopmanshuijs Hotel, met die reuk van vars koffie en sjokoladekoek, het 'n groep vroue elkeen 'n boek en potlode gekry. Niemand het mekaar meer in die oë gekyk nie, maar die gesels het aangehou. Almal het ingekleur, potlode geruil, prente vergelyk en so nou en dan opgekyk om nog 'n happie koek te vat. Dit was soos 'n kreatiewe sessie by 'n sielkundige te midde van 'n fees waar almal van punt A na punt B skarrel.

'n Uur het verbygevlug en niemand wou regtig hul potlode teruggee nie.

Inkleur is sonder twyfel terapeuties. Sit 'n stuk sjokoladekoek daarby en jy het 'n wenresep. – **Ilza Roggeband**

waar kuns en innovasie ontmoet sal die wêreld ...

glimlag

sing

ontwikkel

FNB kondig met trots hul borgskap van die US Woordfees 2015 aan.

FNB is verbind daartoe om die kunste in al sy vorms te bevorder, want ons glo die uitdrukking van artistieke talent verg kreatiwiteit en verbeelding. Dit is sleutelkenmerke van innovering, wat vir ons by FNB naby aan die hart lê.

FNB en US Woordfees maak sin saam.

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

www.FNBenUSWoordfees.co.za

FNB

First National Bank

Laat baba gerus met kos speel – dis goed

Baba- en kindervoeding – haal die twyfel uit jou kombuis. Lesing. Weltevreden. 10 Maart.

Dis goed en reg dat jou peuter sy ertjies met sy hande eet – en dalk oor die stoel smeer. Dit is deel van sy of haar sensoriese ontwikkeling en moet toegelaat word.

Evette van Niekerk en Lianne du Plessis, albei dieetkundiges, het ’n leersame en interaktiewe lesing oor gesonde eetgewoontes vir kleuters aangebied het en ’n paar voedingsoortuigings uitgedaag.

Van Niekerk voel so sterk oor die sensoriese ontwikkeling wat ’n kind deur sy of haar dieet moet ondergaan dat haar sy eie peuter in die tuin laat speel met ’n bak jellie waarin speelgoed gestol is.

“Maak etenstyd vir die klein-span interessant, dit moet vir hulle mooi en lekker lyk.”

Hulle het veral klem gelê op die belangrikheid van goeie eetgewoontes in die sogenaamde “duisend dae van ’n kind se lewe”, die tydperk tussen bevrugting en twee jaar oud. “Navorsing het gewys dat die voeding-intervensies in dié tydperk die grootste uitwerking het op die res van die individu se lewe,” het Du Plessis gesê.

Albei meen borsvoeding behoort ’n vrou se eerste keuse te wees omdat die voordele soos immuunregulering veel verder strek as blote voedingswaarde. Hulle meen ’n baba het vir die eerste ses maande niks meer nodig nie.

Hulle beveel aan dat baba se eerste vaste kos eenvoudige groente soos wortels, murgpampoentjies, of selfs ryspap behoort te wees. “Begin liefds met groente eerder as vrugte; ons vind dikwels wanneer babas eers die soet smaak van vrugte geproe het, hulle nie meer so geesdriftig is oor die groente nie.” Dié purees kan binne minute voorberei word en in ysbakkies gevries word vir maklike, gesonde etes in ’n kits.

Soos baba ouer word moet die tekstuur van kos toenemend growwer raak en die verskeidenheid toeneem sodat hy later self vingerkos en brokke groente kan eet. Teen hierdie stadium hoef ma’s nie bang te wees om nuwe geure en interessante koskombinasies, soos ’n growwe mengsel van patat, tamatie en basiliekruid vir hul kinders voor te sit nie.

Bosbessies, droëvrugte en fyn groente soos kersietamaties of mielies is hier goeie keuses. Onthou dat ’n kind van een tot vyf sowat drie tot vyf porsies groente en twee tot vier porsies vrugte per dag behoort in te neem. Een porsie is gelykstaande aan een eetlepel vir elke jaar wat die kind oud is.

Hulle maan veral dat ouers die etikette van produkte fynkam en dat hulle wegbly van voedsels wat hoog in sout, suiker of vet is. “Dis altyd beter om iets self te maak sodat jy weet presies wat daarin is.” – **Maryke Visagie**

Goddank vir klank...



Sonder die soms onsigbare hande soos dié van klankingenieurs, beligtingsassistenten en verhoogbestuurders sou die Wordfees stil en donker gewees het. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Sien groot legendes by Straatmylfees

Straatmylfees. Victoriastraat (voor Dagbreek-koshuis). Vandag om 17:30.

Feesgangers en sportliefhebbers sal vanjaar eerste-hands sien of Johan Cronjé, een van Suid-Afrika se top-atlete, die Straatmyl in onder vier minute kan aflê.

“Die Straatmyl is ’n hoogtepunt van my atletiekseisoen,” sê Cronjé, “en ek wil dit vir niks in die wêreld misloop nie. Hopelik sal ek ’n sub-4 minute kan hardloop.” Hy kon in 2013 net-net nie ’n droommyl hardloop nie.

Cronjé, die huidige Suid-Afrikaanse rekordhouer in die 1 500m en bronsmedaljewenner by die 2013 Wêreldbyeenkoms, is egter nie die enigste atletieklegende wat daar te sien sal wees nie. Groot geeste soos Elana Meyer, Johan Fourie, Danie Malan en Gerhard Roux wat die aankondiger was toe De Villiers Lambrechts, ’n oud-inwoner van Dagbreek-manskoshuis, sy droommyl gehardloop het, sal ook daar wees.

Die Straatmylfees-deelnemers spring voor Irene-vrouekoshuis weg, hardloop in Victoriastraat af tot by die sirkel voor die Wilcocksgebou, en dan weer terug langs Victoriastraat waar dit voor Dagbreek sal eindig.

Die Droommyl is sedert 2011 ’n instelling op Stellenbosch en word aangebied ter herdenking aan die eerste Afrika-atleet wat ’n droommyl op die vasteland kon hardloop. Op Vrydag 13 November 1964 het Lambrechts die eerste Suid-Afrikaner geword wat die mylwedloop in minder as vier minute kon aflê. Dié geskiedkundige gebeurtenis het op Coetzenburg se atletiekbaan afgespeel.

Vanjaar se Straatmylfees word moontlik gemaak deur die Oud-Dagbreker Bond, Maties Atletiek, Nu Bar Somerset-Wes, Coca Cola, Sea Harvest, Puma en ASLA. GNC Live Well borg meer as R10 000 se pryse wat onder die weners verdeel word. ’n Bonus van R2 000 is op die spel vir die deelnemer wat daarin slaag om ’n droommyl te hardloop.

Drie wedlope word tydens die Straatmylfees aangebied: een vir mans, dames en elite-atlete.

Fourie, wat al 53 droommyle in sy atletiekloopbaan voltooi het en die Suid-Afrikaanse droommylrekord vir 27 jaar gehou het, sê die opwindende aspek van ’n droommyl-wedloop is die taktiek wat dit verg.

Die 2014-wenners in die drie wedlope was onderskeidelik Paul le Roux, Tineka Fourie en Jacques Pretorius. – **Giselle Botha**

Gert Vlok Nel tree môre en Vrydag op in die plek van Jan Blohm, wat om persoonlike redes nie meer die fees kan bywoon nie. Gert se vertoning is môre by die Protea Hotel Tegnopark en Vrydag by De Vette Mossel, as deel van die Rock Lunches. Dit begin om 13:00 en kaartjies kos R120, middagete ingesluit, of R60 as jy net die konsert wil bywoon.

Die gewilde Marion Holm (BO) gee vandag om 12:00 ’n voorlesing van gedigte in die Erfurthuis. Toegang is gratis.

Die volgende vertonings vir vandag is gekanselleer:
Al Lovejoy: Acid Alex
Praat van die Duiwel

Die volgende vertonings vir vandag is uitverkoop:
Antjie Krog: Medewete
Die Seemeeu
HOL Marion!
Son. Maan. Sterre.
Vaselinetjie (albei vertonings)

Kinders teken graag verbeelde troeteldiere

“Wie van julle is lief vir lees?” ’n Saal vol kleingoed het gretig hand opgesteek om die skrywer Fanie Viljoen se vraag te beantwoord.

Viljoen het die Gr. 4 en Gr. 5 leerders van Laerskole Ebenezer, Paarlzicht, Rusthof, Pieter Langeveld en Rietenbosch met sy karakters uit *Oe la la*, *Lulu* en *Plons* betower as deel van die WOW-leeskring.

“Dit is wonderlik om elke jaar nuwe gesiggies te sien,” het Viljoen gesê.

Hy het die kinders gevra om hulself te verbeel hulle is meer-manne of -meisies met troeteldiere. Daar was geen einde aan die kinders se verbeelding nie: alles van seekatte tot dolfyne sou meer mense se maatjies gewees het.

Viljoen het hulle gevra om die meermeisie in *Plons* teken, en daar was onmiddellik ’n geskuiwel van stoele soos die kinders opspring en knielend hul stoele as tafels gebruik. Vir die volgende twee minute was net die gekrap van potlode op papier hoorbaar.

Bianca Arendse (9) van Paarlzicht het gesê haar gunstelingboek is *Nina en die Frankie eksperiment* wat deur Elizbe van der Colff en Chris Venter geskryf is. Die leerlinge van Rietenbosch is almal lief vir lees, maar verkies kleurvolle prentjieboeke. Elke Saal (11) van Rietenbosch het gesê sy verkies boeke wat oor perde geskryf is, soos *Black Beauty*.

Al die onderwysers het ’n pak boeke, geborg deur Lapa-uitgewers, vir hul skoolbiblioteke ontvang. – **Lea-Ann van der Merwe**

Deon Meyer loshande feesgangers se groot gunsteling

Die Woordfees speel gasheer vir van die beste Afrikaanse skrywers. Wie is jou gunstelingskrywer en hoekom so?



Alayne Reesberg, Stellenbosch: “Weet jy wat is cool aan Deon Meyer? Hy het Parow vir my eksoties gemaak. Ek het nou net *Kobra* gelees en dit was fantasties.”



Aletta van Wyk, Strand: “Deon Meyer, definitief, hy is ’n goeie skrywer. Die nuwe een *Ikarus* is my gunsteling. Ek het al twee van sy boekgesprekke bygewoon.”



Andria Theron, student aan die US: “François Bloemhof. Ek het nie baie van sy boeke vir volwassenes gelees nie, maar ek het baie van sy kinderboeke gehou.”



Elna van der Merwe, Kayalami, Gauteng: “PG du Plessis, ja. Veral sy boek *Die ongenooies*... Nee, wag, dit was *Fees van die Ongenooies*!”



Henri van Loggerenberg, Somerset-Wes: “Natuurlik Deon Meyer. Ek hou daarvan dat hier ook nuwe skrywers by die Woordfees is, soos Dawie Louw.”



Bepraat die kunste Die dramaturge Christiaan Olwagen, Saartjie Botha en Hennie van Greunen gister in die Erfurthuis. FOTO: SALMON BECKER

Grace toor met kitaardrukke

Kitaarhelde. Musiek. Fisser.
7 Maart om 20:00.

Hy het soos menige kitaarspelers op ’n akoestiese kitaar begin speel, maar later het James Grace soos so baie ander voor die elektriese kitaar gewik.

Die gevoel van hout onder sy hande gemis en die intimiteit van ’n klassieke kitaar het hy egter te veel gemis, sê James, en dankie tog daarvoor. Hy het homself die afgelope paar jaar as een van die land se beste klassieke kitaarspelers gevestig en geseënd

is die studente wat deesdae onder sy hande deurloop.

Sy liefde vir klassieke kitaar het egter nie gekeer dat hy steeds waardering het vir sy kitaarhelde in die wêreld van popmusiek, blues en rock nie.

In *Kitaarhelde*, wat ongelukkig net een vertoning by die Woordfees gehad het, het hy sy eie weergawes van liedjies van onder meer The Beatles, Eric Clapton en The Shadows gespeel. Veral die verwerkings van die liedjies wat hy in die Beatles-keurspel gebruik het,

was meesterlik. Die hele produksie, insluitend die “The Wedding” van Abdullah Ibrahim, was ’n plesier om na te luister. Grace het ook werk van sy gunsteling komponis, Francisco Tárrega, gespeel wat meesleurend en magies was. Hy is tegnies ’n uitstekende kitaarspeler en onder sy vingers kan ’n gehoor die musiek werklik beleef. As jy ooit die geleentheid kry om hierdie talentvolle musikant te sien optree, moenie huiwer nie. – Ilza Roggeband

Trek nader die sonbrandolie en soek skaduwees

Temperature in die Eikestad sal volgens die Suid-Afrikaanse weerdiens tussen ’n minimum van 16°C en ’n versengende 30°C wissel. ’n Briesie van 19km/h suid-suid-oos kan verwag word. Hou



jou liggaamstemperatuur gereuleer deur gereeld water te drink en maak maar seker jy smeer teen middagete sonskerm aan. Die son sal teen sononder om 19:09 jou nie meer pla nie.

Die kunste kraai koning!

By vanjaar se **US Woordfees**:



Ons omvangryke eenstop-boekwinkel is terug in die hartjie van die fees in die Plataankafee agter die **US Museum**. Daar is ’n keur van nuwe, tweedehandse en allerlei interessante boeke te siene vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunsteling skrywers en geniet ’n glasie wyn saam met ons onder die Plataanbome.

“Daar is geen vinniger en former vriendskappe as dié tussen mense wat lief is vir dieselfde boeke nie.”
– Irving Stone



Hierdie opwindende nuwe produksie van die **ATKV**, is te siene in die **US Museum**. In samewerking met Diek Grobler is ’n reeks kort animasiefilms, geïnspireer deur ’n seleksie van 12 klassieke en kontemporêre Afrikaanse gedigte, vervaardig.



Die digters se werk word gebruik om ’n “visuele bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog tussen woord en beeld skep. Elke animasiefilm word vergesel van ’n klankbaan, waar onder meer die gedig voorgelees word. Die eindproduk is ’n DVD-vertoning van sowat 40 minute, vergesel van ’n uitstalling van plakkate van die animasiefilms. Die DVD word te koop aangebied in die **ATKV-Boekwinkel**.

Moet dit nie misloop nie! By die **US Museum**, daaglik van **07:00 - 18:00**. Toegang is **gratis**.

Digter:
Lina Spies
Animeerder:
Michèle Nigrini



Roosenwijn Guest House

★★★★★

Experience the elegance and beauty of a bygone era

Tel: +27 21 883 3337/8 Fax: +27 86 505 3960
14 Van Riebeeck Street, Stellenbosch, 7600 South Africa
www.roosenwijn.co.za | bookingsenquiries@roosenwijn.co.za

Geen kitsoplossings vir SA

Praat Saam. RSG aktualiteits-program. Plataankafee. 10 Maart.

Ons vergeet soms dat Suid-Afrika se ekonomie onder die 25 grootste ekonomieë in die wêreld tel, maar dit het in die afgelope vyf jaar so begin verlangsaam dat dit onderpresteer teenoor die res van die wêreld.

Om dinge reg te ruk behoort almal 'n rol te speel en ons moenie verwag die regering moet alles doen nie. Daar is sekerlik goed wat eenvoudig beter deur die mark behartig word.

Só het prof. André Roux, direkteur van die Instituut vir Toekomstnavorsing aan die Universiteit van Stellenbosch, gisteroggend

op RSG se inbel-aktualiteits-program *Praat Saam* gesê.

Die ekonoom Rudolf Gouws, 'n mede-gas op die program, het saamgestem en gesê die probleem lê by die politiek en minder moet van die staat verwag word. Een van die goed wat die staat wel moet doen, is om onderwys te verbeter. Die private sektor kan op die gebied egter ook 'n groter rol speel.

Die vriende van politici moet nie in hoë posisies aangestel word nie, terwyl plaaslike owerhede ook beter bestuur moet word.

Volgens Gouws is die ekonomie reeds vir geruime tyd op 'n afdraande pad en is besig om te stagneer. Om meer werk te skep moet die ekonomie met tussen

4% en 5% per jaar groei, maar die verwagting is dat die land teen 'n ekonomiese groeikoers van 2% tot 3% sal voortsukkel.

Die land se produksiefaktore – kapitaal, infrastruktuur, arbeid, entrepreneurskap en natuurlike hulpbronne – word nie doeltreffend aangewend nie.

“Ons is eintlik 'n land van tekorte, waarvan besparing die belangrikste tekortkoming is. Met goeie besparing sal ons minder afhanklik wees van die buiteland vir finansiering en sal die rand ook minder wisselvallig vertoon.

“Ons tydhorison is te veel op die kort termyn en die land is nie bereid om opofferings op lang termyn te maak nie.”

Hy twyfel of Suid-Afrika al van die vorige wêreldwye ekonomiese resessie herstel het. Om dinge reg te stel gaan tyd en geduld neem – ten minste 20 jaar. Die land het ná 1994 vasgevang geraak in 'n soeke na kitsoplossings wat nie bestaan nie.

Gouws meen dat die verswakking van die rand 'n simptoom is van wat verkeerd is.

“Ons bestee eenvoudig meer as wat ons produseer en die tekort moet dan deur die buiteland gefinansier word. Die graderingsagentskappe begin nou skeef na Suid-Afrika kyk. Verdere afgraderings sal minder beleggings in die land meebring met 'n verdere verswakking in die rand.”

– Gerhard Cloete

ink

Redaksie

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteur
Liesl Peyper

Hooffotograaf
Nardus Engelbrecht

Senior skrywers
Marina Griebenow
Marenet Jordaan
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Naudé van der Merwe

Joernalistiekstudente
Kayla Alexander
Leonardo Angelucci
Elmarien Anthony
Mikail Baker
Heléne Booyens
Nicola Jo Bruns
Melissa da Costa
Mila de Villiers
Louis du Preez
Siviwe Feketha
Edward Goff
Hannes Kruger
Jade Larey
Tatum Morley
Jacques Myburgh
Mirandi Nel
Suzaan Potgieter
Kyle Smith
Simon Sonnekus
Adri Thiar
Fredalette Uys
Lea-Ann van der Merwe
Mizan van der Merwe
Marcelle van Niekerk
George von Berg
Heike Werth

Die Matie redaksielede
Giselle Botha
Karin Groenewald
Karin Hammond
Franco Havenga
Lynné Schoeman
Joan van Dyk

Woordfees-kantoor

Erfurthuis, Ryneveldstraat
37, Stellenbosch

Skakel die feeskantoor by
021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za

Die koerant word gratis
op die feesterrein versprei en
is elektronies beskikbaar by
www.eikestadnuus.co.za

Polisie – 021 809 5000
Verkeersdepartement
– 021 808 8800
Ambulans – 021 887 0310

Met dank aan die US se
Departement Joernalistiek



04
DAE

23
URE

48
MINUTE

53
SEKONDES

IS HOE LANK DIT SAL NEEM OM 'N MEER
**INSPIREERENDE
GEDREWE**
GEMOTIVEERDE JY TE WEES.

AFHANGENDE VAN DIE PROGRAM VAN JOU KEUSE

www.inkcat.co.za [51400]

REGISTREER NOU!

www.usb-ed.com / info@usb-ed.com

Tel: +27 21 918 4488

USB

Bestuursontwikkeling Bpk
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool



Koos Kombuis
FOTO: SIMON SONNEKUS

‘Ek hou regtig van gesette vroue’

1 o’Clock, 2 o’Clock Rock. Akoestiese rockvertoning. De Vette Mossel. 10 Maart.

Hy is op soek na ’n “dik stuk” wat hom in “haar rolle” kan toevou. Met dié lirieke het die sanger Koos Kombuis ’n paar mense amper in hul maaltye laat stik tydens sy en die baskitaarspeler Schalk

Joubert se etensuur-konsert by De Vette Mossel gister. Kombuis se liedjie “Vet Vrou” het volgens hom ’n paar “tannies” die josie in gehad nadat hy dit een aand op TV gesing het. “Maar ek wil dit net duidelik maak, die liedjie is nie laster nie. Ek hou net baie van vet vroue,” het hy, wynglas in die hand, gesê.

Die vertoning het ouderge-woonte oorgeloop van humor – van die lirieke tot die staaltjies tussen-in. Kombuis het teen sy sin, maar tot groot vermaak van die manlike feesgangers, die vertoning afgesluit met een van sy treffers uit die negentigerjare “Ou Tannies”. Hy was egter eers in ’n ligte

woordewisseling met Joubert hieroor gewikkel. Dis nie eintlik die tyd en plek om dié liedjie te sing nie, het Kombuis teëgestribbel. Het het uiteindelik bes gegee en gesê: “Indien jy bo 70 is en jy is hier, is dié nie op jou gemik nie, want dan is jy ’n baie cool tannie”. – **Mizan van der Merwe**

Blindheid en stigmas verklaar

Blind date. Toneel. 8 Maart.

Mense is op verskeie maniere siende blind. Hulle dink gesigs-gestremde mense is hulpeloos, onambisieus en kan nie loopbane volg nie. Só sê Dinie Basson, regisseur en skrywer van die toneelstuk *Blind date*. Basson het in 2013 daaraan begin dink om die kabaret te doen nadat sy met haar vriendin Jeanie Rudolph gepraat het oor laasgen-oemde se universiteitsbelewenis as ’n blinde student. Albei vroue vertolk rolle in *Blind date*. Die meeste van kabaret se sketse, waarin Basson verskillende karakters vertolk, is op Rudolph se eie ervarings gebaseer. Wanopvattinge wat oor blinde mense bestaan word op ’n speelse manier deur Basson uitgebeeld. Dit sluit selfs in dat blindheid deur kwaaddoen en sonde veroorsaak word. Rudolph meen sulke idees oor blindheid is baie meer algemeen as wat die publiek bereid is om te erken. Sy en van haar blinde vriende moes al aanhoor dat hulle blind is omdat hulle demone in hulle het. Daar is ook al met haar gesim-patiseer omdat sy weens haar blindheid skynbaar geen hoop of ambisie het nie. Dit is juis hierdie vooroordele waaraan hulle met *Blind date* wil



aandag gee. Rudolph het, in antwoord oor haar eie frustrasies wat die stuk geïnspireer het, gesê sy gee nie om as mense vrae vra nie. “Solank mense net nie hulle eie afleidings oor my maak nie.” Basson hoop dat *Blind date* mense sal inlig en twee keer sal laat dink oor blindheid. Die kabaret se tema word goed saamgevat in ’n gedig wat Rudolph aan die einde voorlees: “Ek kan nie sien nie, maar ek is nie die enigste blinde hier nie.” *Blind date* loop soms die gevaar om die boodskap te oor-beklemtoon. Hoewel Rudolph se spel soms ’n bietjie onseker is, dra dit steeds by tot die geloofwaardigheid en krag van *Blind date*. – **Marcelle van Niekerk en Hannes Kruger**



Dinie Basson (heelbo en links) en Jeanie Rudolph in *Blind date*. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

Lively platform for young poets

Drink, Dig, Eet. Poetry. Erfurthuis. 14 March at 19:00.

Lovers of poetry who want to hear new voices on the literary scene should attend *Drink, Dig, Eet* on Saturday where closeted poets will get a chance to recite their work in public. *Drink, Dig, Eet* is co-ordinated by the Adam Tas Student Association, a society for the preservation of Afrikaans as the language of instruction at Stellenbosch University. “We find students who write Afrikaans poetry and give them the opportunity to recite their work in front of a crowd,” explains Adam Tas vice-chair, Christoff Odendaal. The association invites people, but also opens the floor to anyone in the audience to read poetry of their own.

“You’d be surprised at the amount of people who write poetry in secret. This is a very good platform for them to express themselves,” says Odendaal. According to Odendaal there is usually a larger turnout than one would expect at a poetry evening. “Last year we had about seventy or eighty people attending.” The free food and wine, he says, plays a big part in attracting a varied audience. Odendaal says the event is “very informal and student-centred”. He believes this is why students often prefer *Drink, Dig, Eet* to more formal poetry events. “*Drink, Dig, Eet* is our second most popular event of the year. The other is a bottomless beer night, which is an obvious attraction.” – **Melissa da Costa**

Even the Dead Rise Up

a gallery talk/Q&A with international curator Francis McKee (CCA Glasgow)

Thursday 12 March, 15h00 – 16h30

Part of SA-UK Seasons 2014 & 2015, a partnership between the Department of Arts & Culture, South Africa and the British Council

RSVP ESSENTIAL, LIMITED SEATS / FREE / DONATIONS WELCOME

E: GUS@sun.ac.za
T: 021 808 3489
(Kamiela Crombie)

Current exhibition

grafen

Until March 21

Michael Blake Five Pieces for Piccolo & Tuba (1971)

with Marietjie Pauw (piccolo) and Le-Nique Brand (tuba)

Thursday 12 March, 18h15 and 19h15

This event is part of the Woordfees Kunste Donderdag, in partnership with Stellenbosch Last Thursdays

GUS

GALLERY University Stellenbosch

GUS (Old Lutheran Church)
Corner of Dorp & Bird Streets
Stellenbosch

(ch) ets sch

'n Ware Renaissance-man

'n Naam wat al hoe meer gereeld opduik by die Afrikaanse kunstefeeste, veral in die konteks van opera, is dié van die Portugese pianis José Dias. **Marina Griebenow** het met hom gesels.

Hoewel José Dias se betrokkenheid tot dusver hoofsaaklik met sangaanbiedings was, het hy reeds as student in 2002 'n Kanna-benoeming ontvang vir sy uitvoering van 'n Liszt-concerto saam met die simfonieorkes van die Universiteit Stellenbosch (US).

Hy is ook 'n gereelde musiekbondgenoot van die gewilde sopraan Magdalene Minnaar en by die Woordfees is hulle weer saam te hoor in 'n program van nagmusiek genaamd Nokturne. Hy steel ook heelwat harte met sy sjarme en manewales in die prettige produksie waarin hy en sewe ander bekende pianiste optree – 'n eenmalige uitvoering waarvoor meer as 600 kaartjies verkoop is.

Dias woon en werk al jare lank in Suid-Afrika nadat hy aanvanklik aan die US musiek gestudeer het en daarna 'n konsertdiploma aan die Zürcher Hochschule der Künste in Switzerland voltooi het. Tans gee hy deelyds klas aan die South African College of Music van die Universiteit van Kaapstad en werk wyd as onder meer begeleier, samesteller van musiekproduksies, verwerker en dirigent.

Die verrassendste aspek omtrent die onderhoud met Dias is dat ons dit in vlot Afrikaans kan voer. Sy taal is idiomaties en hy het 'n verwysings-



Die veelsydige musikus José Dias. FOTO: VERSKAF

raamwerk en woordeskat waarmee hy menige Afrikaanssprekende die loef kan afsteek.

Dit maak meer sin as jy in die verloop van die gesprek verneem dat hy altesame agt tale magtig is en nie sommer 'n woord vergeet as hy dit eers een keer gehoor en gebruik het nie. Benewens sy uiters vaardige klavierspel het dié tale-kennis hom natuurlik baie gesog gemaak vir 'n pos by Kaapstad-opera waar hy vir etlike jare sangopleiding en begeleiding ge-

doen het nadat hy klaar gestudeer het.

Volgens Dias het hulle nie eintlik tuis baie na musiek geluster nie en sy familie is ook nie besonder musikaal nie. Sy ma, Lina, gee onderwys in Fafe in die noorde van Portugal en sy pa, Laurentino, is 'n oud-minister van kultuur en sport en lid van die Portugese parlement.

Hy het dus redelik laat, eers op die ouderdom van 14, met klavieropleiding begin. Maar toe

“Vir my is dit om't ewe of ek 'n solo speel of begelei. Ek spéél en dis wonderlik!”

die musiekgogga eers byt, was daar min keer aan hom.

Soveel talent is moeilik om te onderdruk, maar sy voorliefde om ure lank klavier te speel, lei onwillekeurig daartoe dat hy in 'n omesientjie enige agterstand inhaal.

Die plesier van musiek lê vir hom juis daarin om musiek te maak. Hoewel hy dit geniet om te dirigeer of om verwerkings te doen, moet hy gereeld self die musiek máák.

Sy verbintenis met Suid-

Afrika begin in sy finale skooljaar toe hy begin les neem by die bekende pianis en musiekdosent Luis Magalhaes, eggenoot van 'n ander bekende agter die klawers, prof. Nina Schumann. Tot almal se verbasing volg hy hulle later in 2000 na Suid-Afrika, verleng sy eerste besoek van 'n maand met twee maande en is toe in elk geval te laat om tale te studeer aan die Universiteit van Coimbra.

Hy lag as hy vertel sy moeilikste aanpassing was die slegte koffie in Suid-Afrika in die dae voor die Europese koffie-kultuur hier posgevat het. Hy en Magalhaes het glo gereeld die universiteitsdorp plat geloop op soek na 'n behoorlike espresso.

Dias glo nie daaraan om homself te beperk nie en haal 'n gesegde aan wat lui: “Don't limit yourself. Specialisation is for insects.”

Met sy musikaliteit sou 'n mens verwag hy mik daarna om 'n konsertpianis te word – soos dit tradisioneel verstaan word – maar sy uitgangspunt is meer sosialisties. Hy beskou sy soloklavier-uitvoerings in dieselfde lig en net so belangrik as die begeleiding wat hy doen vir 'n program soos dié van die hoogs suksesvolle African Angels, of sy betrokkenheid by *Poskantoor*, die Afrikaanse opera wat by Aardklop gedebuteer en met talle benoemings en pryse weggestap het.

“Ek is 'n pianis en ek doen met 'n klavier wat ek kan,” verduidelik hy. “Ek speel byvoorbeeld later vanjaar in die konsertsaal van die Berlynse Filharmoniese Orkes. Vir my is dit om't ewe of ek 'n solo-konsert speel of African Angels begelei. Ek speel daar en dís wonderlik!”

Dias het sy hart in en aan Suid-Afrika verloor en daarom kan 'n mens uitsien daarna om nog lank aan die ontvangkant te wees van sy spel en begeerte om musiek te maak.

Skerp teks, gesoute akteurs laat 'Rolbalspeler' skitter

Resensie



Die Rolbalspeler. Toneel. Breughel Teater. 12 Maart om 11:00 en 18:00.

Maria en haar seuns, Hans en Willem, ken net een lewe – hul sukkelbestaan in 'n sinkhuis in Bishop Lavis. Van 'n beter lewe wil hulle nie juis weet nie, want hulle is dan gelukkig hier. Maar Hans, byna heeltemal blind met net 2% sig, sien nuwe horisonne.

Bedags vleg hy mandjies en verdien so geld vir die huishouding se daaglikse brood. Willem is 'n dikgerookte leeglêer wat by sy ma en broer hul swaarverdiende geld bedel om sy slegte gewoontes te befonds. Dan ontmoet Hans vir Erika, 'n maatskaplike werker wat 'n rolbal-afgrigter vir gesiggestremdes is.

Dié buitestander – 'n wit vrou

wat van die bruin mense in Bishop Lavis en van oorlewing niks weet nie – laat Hans besef daar is 'n beter lewe, maar dit ontstig sy ma.

Die spook van sy pa wat die hasepad gekies het toe hulle nog kinders was, dwaal ook nog rond. En dit word Maria se ammunisie wanneer Hans sy beter lewe wil gaan soek, want dis wat sy “sleg-pa” ook beweer het.

Zain Eckleton se skerp teks is eerlik en sy karakters het 'n grein soos gehawende hout; jy verstaan hulle en hulle krap aan jou.

In die hande van bedrewe akteurs soos Brendon Daniels (Hans), June van Merch (Maria) en Dann-Jacques Mouton (Willem) beleef jy hul aardsheid ten beste.

Nicole Holm skep 'n ewe aardse Erika, 'n vrou wat 'n ander swaarkry ken en haar eie lewenslas dra. Dit is daardie gedeelde swaarkry wat haar en Hans bymekaar bring en heel maak.

Die manier waarop die regis-



Brendon Daniels vertolk die rol van Hans in *Die Rolbalspeler*. Hier is hy in 'n toneel uit Siener in die suburbs (hy vertolk die rol van Jakes in dié stuk). FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

seur Janice Honeyman detail inwerk wat die karakterisering dien, is benydenswaardig (behalwe dat Mouton 'n Engelse nuusberig uit die duidelik Afrikaanse koerant in sy hand gelees het).

Toneelwisselings word fyn met beligting reggekry, veral wanneer die karakters direk met die gehoor in gesprek tree.

Die Rolbalspeler werk omdat al die elemente van die stuk goed

bymekaar getrek word.

Met 'n teks so eerlik en akteurs en 'n regisseur wat dit kan uitbeeld, kan jy verseker wees van 'n aangename teaterervaring. – Wayne Muller

Musiek

Carstens wows half empty hall

Arno Carstens. Music Concert. Protea Hotel. 10 March. Today at 11:00 at De Vette Mossel.

A solo accoustic set from Springbok Nude Girls frontman Arno Carstens received a mixed bag of reactions yesterday. The Protea Hotel Tegnopark where he performed his first show was half empty and there were no re-quests for an encore.

Carstens’ featured singles from *The Wonderful Wild, Lightning Prevails* and *Hello Goodbye Boys*.

“I put to-gether songs that didn’t fit in any of my other al-bums,” explained Carstens, before he delivered a professional per-formance to an audience of about 30 people.

The show progressed from slow, soulful songs to more upbeat, fast singles. It also features AC/DC’s *Highway to Hell* in the form of a ballad. The venue was any-thing but ideal for a rock per-formance. Yet Carstens still had the same impact as a band by easily filling the songs with vocal and acoustic depth. Fans of Carstens enjoyed the show.

“It was vocal excellence,” said Lisa-Marie Greeff-Villet from Stellenbosch. “He didn’t miss one note.” – Edward Goff



Arno Carstens



Amanda Strydom op die verhoog van die Drostdy Teater. Sy het Sondag en Maandag die gewilde kabaret ‘n Vuur gevang in glas uitgevoer as ‘n huldeblyk aan wyle Hennie Aucamp, wat vir die teks en lirieke daarvan verantwoordelik was. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Klassieke sprokie betower jong span

Die Prinses en die Ertjie. Kinderproduksie. Weltevreden. 10 Maart om 10:00 en 13 Maart om 15:00.

’n Eg-Afrikaanse weergawe van die klassieke sprokiesverhaal, *Die Prinses en die ertjie*, het gister die kleinspan vasgenael voor die verhoog gehou.

Hierdie produksie is aangebied deur die US Drama Departement onder speleiding van Schalk van der Merwe.

Die gelag van die kinders was later so aansteeklik dat hul ouers ook aan die lag geraak het vir die absurde karakters.

Lara Hattingh het die produksie gedra as Koningin Drestia. Haar naam alleen sal jou in vrees en bewing laat. As tipiese bose stiefma, was haar spel uitspat-tig en oordrewe. Haar hand-langer, Stompie (gespeel deur Izak Berg) was ‘n komieklike domkop en het ook die kinders laat skater.

Adam Karaan, die vyf-jarige seun van Prof Moham-mad Karaan, US Dekaan van AgriWetenskappe, was bietjie skaam om te sê sy gunsteling-karakter was Stompie. Hy het duidelik die produksie geniet.

Toe die aantreklike Prins Max (Emile Tredoux) en die beeldskone Prinses Flavia (Emma Van Heyningen) uiteindelik soen het “oeë’s” en natuurlik in gegiggel uit die gehoor opgeklink.

Nina Smit was as Cornelia die verteller van die verhaal uit ‘n groot Towerboek. Toe Cornelia die jongspan vra hoekom hulle dink Flavia is ‘n prinses het een dogtertjie met oortuiging geskree: “Want sy is!”

Die produksie dwaal nie van die klassieke verhaal nie maar vertel die storie op ‘n snaakse, humoristiese manier. Die produksie het sy doel bereik: om die kinders heeltyd vasgevang te hou.

– Jade Larey



Winckler: ‘n ‘Weird’ rebel

Heinz Winckler, eertydse *Idols*-wenner en deesdae ook skrywer, het gister sy boek *In ritme met God* by die Woordfees bekendgestel.

In die boek gebruik Winckler sy eie getuienis om vir mans te vertel hoe jy jou identiteit in God kan vind.

Die oud-Stellenbosser glo ‘n groot stuk van sy identiteit lê daar-in opgesluit dat hy op Paul Roos Gimnasium skoolgegaan het. Hy was die derde geslag Wincklers in dié skool.

Hier het hy geleer om *gentle-man* te wees, respek aan ander te betoon en op te let na hoe jy lyk. Volgens hom was hierdie waardes

goed wat jy eers later agterkom van waarde is.

Een van Heinz se waardevolste skoolherinneringe was toe hy op 16-jarige ouderdom tot bekering gekom het. “Dit het ‘n groot impak gehad op die koers van my lewe. Dit het my lewenspad verander.”

Ná sy bekering moes hy mooi dink oor hoe hy skool benader en met wie hy vriende was.

Die ironie was dat hy wel in opstand gekom het teen die be-staande gang van sake. “Ek was ‘n bietjie van ‘n *weird* tipe rebel.”

Hy en sy vriende het byvoor-beeld na hul matriekafskeid eerder hul eie *anti-afterparty* in die vorm van ‘n braai gehou, pleks daarvan


om uit te gaan en dronk te word.

Ander kere was hy ongewild, soos toe hy as CSV-voorsitter vir die matrieks aan die hand van Galasiërs gemaan het om nie ty-dens hul matriekvakansie aan die drink te gaan nie.

As hy vandag, met die wys-heid en ervaring wat hy intussen opgedoen het, daaraan terugdink, glo Winckler nie hy sou presies dieselfde opgetree het nie.

Dit is vir hom lekker om na sy tuisdorp terug te keer. Hy glo nie alle skrywers, veral in die Christe-like mark, kry só ‘n geleentheid om hul boeke bekend te stel nie.

“Dis ‘n *massive* voorreg.” – George von Berg



Heinz Winckler met sy nuwe boek. FOTO: SALMON BECKER

100 JAAR VAN UITNEMENDHEID IN AFRIKAANS
Trotse borg van die Woordfees



Diskoers

Genadedood: ja of nee?

Ontleding

Genadedood: Moet ons dit wettig? Boektent. 10 Maart om 11:00.

Genadedood is onwettig in Suid-Afrika, maar daar word toenemend, en uit verskeie oorde, aangevoer dat wetgewing sulke praktyke in Suid-Afrika moet begin moontlik maak.

“Oor geassisteerde dood moet ’n mens nie met al te veel selfversekerdheid praat nie, veral nie as jy self reeds vat-vat aan die sewentig nie,” het prof. Etienne de Villiers, afgetrede teoloog aan die Universiteit van Pretoria, hierdie uiters nodige gesprek begin. “Niemand van ons weet hoe ons sal optree wanneer ons Psalm 23 se dal van doodskaduwee betree nie.”

Hy meen dat Christene ’n sterk morele voorbehoud teen genadedood en medies ondersteunde selfdood behoort te hê, maar wel, onder bepaalde omstandighede, voorstanders van die staking van mediese behandeling in die geval van terminaal siek pasiënte, kan wees.

Een van die aspekte van die Bybelse boodskap wat hierdie voorbehoud steun, is dat lewe ’n gawe van God is.

Nog ’n ander is dat elke mens nie op sy of haar eie is nie. Christene het mekaar vir onderskraging in moeilike lewensomstandighede asook vir God op wie hulle kan vertrou.

“Christene behoort dus nie ’n morele projek wat geassisteerde dood voorhou as ’n soort heilmid-del vir terminaal siek mense te ondersteun nie. Wat hulle eerder met groot entoesiasme behoort te steun, is die verbetering en uitbreiding van palliatiewe sorg aan terminaal siek mense.” Dit kan, aldus De Villiers, tot ’n groot mate die pyn en lyding van terminaal siek mense effektief verlig.

Tog erken hy dat geassisteerde dood in uitsonderlike situasies wel die beste van twee kwade kan wees.

“Soms is daar situasies waarin selfs die beste palliatiewe sorg nie die ondraaglike pyn en lyding van ’n ernstige siek persoon kan verlig nie en waar geassisteerde dood die enigste uitweg bied.”

Volgens prof. Willem Landman, voormalige uitvoerende direkteur van die Etiese Instituut

“**Ons leef in ’n land met verskillende menings en ons moet dit in ons Grondwet verreken**

van Suid-Afrika, word die volgende drie standpunte gewoonlik téén geassisteerde dood gehuldig: Die eerste het te doen met die feit dat ons nie God moet probeer speel nie. Die tweede handel oor professionele verpligtinge. Medici kan tog nie mense help sterf nie. Hulle moet ten alle koste lewe gee en pyn verlig. En derdens, as geassisteerde dood gewettig sou word, loop ’n mens altyd die gevaar dat dit tot misbruik kan lei. Natuurlik het alle praktyke volgens Landman die moontlikhede tot misbruik.

Daar is ook breedweg drie argumente ten gunste van geassisteerde dood. Eerstens gaan dit oor die mens se outonomie wat gerespekteer moet word – oor sy of haar eie keuse.

In die tweede plek gaan dit oor ondraaglike lyding – op niemand word die verpligting geplaas om lyding enduit te deurstaan nie.

En derdens gaan dit oor die ooreenstemming met ander praktyke wat moreel reeds aanvaarbaar is, soos passiewe genadedood. Volgens Landman is daar geen verskil tussen aktiewe en passiewe genadedood nie.

“Jy kan dit nie sien as twee klasse waar die een slegter is as die ander nie – dat passief reg is, maar aktief verkeerd nie. Moreel is daar geen verskil nie.”

“Ons leef in ’n land met verskillende menings. Ons moet hierdie diversiteit van menings in ons Grondwet verreken. Ons het dit gedoen met aborsie, doodstraf en ander kwessies. Hoekom kan dit nie ook gedoen word wat geassisteerde dood betref nie?” vra Landman tereg.

Daar is geen betroubare empiriese data beskikbaar oor hoe Suid-Afrikaners oor geassisteerde dood oordeel nie. Volgens Landman gaan die wetting van geassisteerde dood egter baie moeilik wees.

Hy sê verder dat daar navor-sing in die VSA oor die laaste 17

jaar hieroor gedoen is wat wys dat mense se aanvanklike vrese oor veral misbruik, ongegrond was.

Ons maak volgens De Villiers nie grondwetlik vordering wat betref geassisteerde dood in Suid-Afrika nie – en hy erken sy mening is bloot bespiegeling omdat dit nie deur die regering as prioriteit gesien word nie. Dit sal waarskynlik teengestaan word deur baie swart mense en die Regskommissie se verslag wat reeds in 1998 opgestel is, gee nie duidelike riglyne oor wat gedoen moet word nie.

Volgens Landman is die Regskommissie se verslag baie goed, maar sekere mense oordeel dat geassisteerde dood net vir die rykes sou wees.

Indien geassisteerde dood gewettig sou word, moet dit in lyn gedoen word met streng medies-etiese voorwaardes, wat aan internasionale wetgewing voldoen, volgens Landman.

Die opstel van ’n lewende testament bly in hierdie opsig belangrik. Wetgewing waar geassisteerde dood reeds wettig is, maak voorsiening dat lewensversekering wel uitbetaal wanneer iemand met sy of haar eie dood geassisteer word.

– Chris Jones

Praat studente deesdae van die BJ of die Lettere-gebou?

Malan en Vorster: Is hulle nog welkom op die kampus? Diskoers. 10 Maart om 17:00.

’n Student het gister na ’n gesprek oor naamsveranderinge op die Stellenbosch-kampus laggend as “ironies” verwys. Dít omdat die paneel wat onder meer gebrekkige verteenwoordiging van vroue en swart mense se name in geboue op die kampus moes bespreek, slegs uit drie wit mans bestaan het.

Ryan Johnson, ’n derdejaarstudent in ekonomie aan die US, voel egter tog die geboue se name moet nie verander nie, want anders word die geskiedenis herskryf.

Gister se paneel, wat as deel van die Frederik Van Zyl Slabbert Diskoersreeks gepraat het, het bestaan uit Neil du Toit, voorsitter van die Universiteit Stellenbosch Debatsvereniging, Dave Steward, uitvoerende direkteur en Trustee van die FW de Klerk Stigting, en Mathew Smorenburg, koördineerder van die Luister, Leer

en Leef huise op kampus.

Van die name wat bespreek is, was dié van die B.J. Vorster Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou, die D.F. Malan-gedenksentrum, die J.C. Smuts-gebou en Majubamanskoshuis.

Steward meen naamsverandering is nie nodig nie. Hy het uitgewys dat die US voorheen as Victoria Kollege bekend gestaan het en “niemand het seker daaroor gekla nie.... Ons moet die verlede behou as herinneringe van waarvandaan ons kom.”

Smorenburg is ook teen die naamsverandering. Hy glo dat die persone onder bespreking se ideologieë nie noodwendig verwelkom word nie, maar dat hulle steeds deel vorm van die US se geskiedenis.

Du Toit voel egter die US kan nie kan met naamsverandering begin en nou skielik stop nie.

“Om nou te stop, is erger as om geen veranderinge te maak nie.” – Suzaan Potgieter

Minerva wen redevoering

Die Minerva-vrouekoshuis se debatspan is Dinsdagaand as Maties se weners van die ATKV-debatkompetisie aangewys.

Minerva het die rol ingeneem van die “regerende party”, en die punt verdedig dat die regering behuisung moet verskaf aan minder bevoorregte mense in welgeleë woonbuurte.

Hulle het teen Wilgenhof, die “opposisie-party” te staan gekom wat die punt moes teenstaan.

Volgens Lee-Ann Groenewald, projekteier van die ATKV debat, het die feit dat die debat-finaal met die Woordfees saamval meer mense gelok.

“Die Wordfees sorg dat daar ’n groter gehoor en ’n lekker gees by die debat heers,” het sy gesê.

Die kompetisie het as uitdunne gediën vir die Maties-debatspan wat aan ’n debatkompetisie in Potchefstroom gaan deelneem. – Simon Sonnekus

‘Die son slaan vuur uit die sweetvoshare’



Die skrywer Leon van Nierop het gister in die Boektent vertel hoe hy die roman *Ballade vir ’n enkeling* tot ’n draaiboek verwerk het. Hy het die manuskrip vier keer oorgeskryf voor hy tevrede was. Donnalee Roberts, wat die rol van die joernalis Carina Human in die flik vertolk, het saam gekuier.

FOTO: SIMON SONNEKUS

Wees eerste om ‘Ballade’ die flik te sien

Ballade vir ’n Enkeling. Flik. L’avenir. 14 Maart. 20:00.

Die vertoning van *Ballade vir ’n Enkeling* by L’Avenir Saterdag-aand, vóór dit in teaters begin wys, is een van die onverwagse toevoegings tot die feesprogram.

Leon van Nierop, wat die draaiboekverwerking van sy 1980’s-televisiereeks hanteer het, voel baie bevoorreg dat gehore die storie “so ter harte geneem en waardeer het”. Hy voel die hedendaagse milieu pas die storie “soos ’n handskoen”.

Hy sien uit daarna dat die oorspronklike gehoor, wat die boek en televisiereeks ken, dit kyk. Sy grootste vrees is die reaksie van “’n nuwe geslag wat skaam is vir Afrikaans en Afrikaanse films en weier om te glo dat Afrikaans iets goeds kan maak”. Tog hoop hy dat *Generation Z* hul vooroordele sal laat vaar en die flik ’n kans gee.

Van Nierop sê Quentin Krog se regie bring ’n nuwe dimensie na die storie. Hy het ook groot lof vir Benjamin Willem se musiek.

“Dit sit al die subteks in wat ek gedink het ek uitgehaal het. Benjamin is ’n meester. Quentin se regie en Benjamin se musiek loop 100% in sinchronisasie met wat ek probeer sê het. Dit het my hart vermurwe.”

– Mila de Villiers

Geliefde verse in animasie

Filmverse. Digkuns en Animasie. Tot Saterdag. Tyd: 09:00 – 18:00. US Museum. Gratis.

Jy stap in by die Universiteitsmuseum, op met die trappe en draai na regs, waar daar ’n donker kamer is. Daar gaan jy sit en maak jouself reg. Hier liewe leser, moet jy jou voorberei vir ’n in-diepte emosionele verkenningstog wat teen jou gaan kom aanlê soos babavoetjies teen hul ma se warm bors, en diep inkruip onder haar versorgende vlerke. As woorde, musiek en animasie voëls was, het hulle hiër kom neskop.

As dit ’n oppervlakkige gelagery en ’n banale sensasionele een-dimensionele rondomtalie-rit na nêrens is waarna jy smag, hamba, jou ou knorvarkie! Gaan oink-oink op ’n ander plek, gaan sirkus toe. Hopelik hap ’n leeu jou liggies aan jou linkerboud.

Volgens die persverklaring het ons hier 12 klassieke en kontemporêre gedigte wat voorgelees en in animasie verbeeld word (moenie van die musiek vergeet nie, dis eersteklas). Die ATKV, in samewerking met Fopspeen Films, bied hierdie reeks kort animasie-films aan en die digters se werk word gebruik om ’n visuele “bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog skep tussen woord en beeld.

Hey jy daar wat dink gedigte is vervelig, moenie gaap nie. Ons praat hier van groot manne se hoesgoed. Elke animasiefilm is vergesel van ’n klankbaan en die eindproduk is ’n DVD van sowat 40 minute, gepaardgaande met ’n uitstalling van plakkaat van die animasiefilms.

Dit was Diek Grobler, artistieke regisseur van die projek en een van die kreatiewe kragte agter Fopspeen Moving Pictures, se jarelange droom om ’n sodanige forum te skep vir animasiekunstenaars om prente te maak waarin die fokus op dié kunsvorm val.

“Ek wou animasieprente maak in Afrikaans ten einde animasie as medium uit te lig bô die populêre opvatting dat dit maar net kindervermaak is. Ek wou poësie



Die mense agter die skerm

Die gedigte en animeerders is **‘Vroegherfs’** (BO) (NP Van Wyk Louw) deur Wessel en Jac Hamman; **‘Bitterbessie dagbreek’** (Ingrid Jonker) deur Roger en Dewald van der Merwe; **‘Finis’** (Lina Spies) deur Michele Nigrini; **‘Jy vra my hoe my eerste soen was’** (Danie Marais) deur katty vandenbergh, Anni Snyman en Eugenie Grobler; **‘Belydenis van ’n studente-digter’** (Loftus Marais) deur Rudolph Boonzaaier; **‘Visioen van ’n lessenaar’** (Antjie Krog) deur Sunieda Kelber en Fabian

Wargau; **‘Die skedel lag al huil die gesig’** (Wilma Stockenström) deur Crowther Lindeque; **‘What about’ de lô’** (Adam Small) deur Charles Badenhorst; **‘Last Grave at Dimbaza’** (Fanie Olivier) deur Stefanie de Beer; **‘n Gewone blou Maandagoggend’** (Ronelda Kamfer) deur Naomi van Niekerk en Arnaud van Vliet; **‘Timotei Sjampoo’** (Gert Vlok Nel) deur Janhendrik Burger en Berdene du Toit; en **‘Ek sal sterf en na my vader gaan’** (Breyten Breytenbach) deur Diek Grobler.

meer sigbaar maak en die diversiteit van die medium uitwys. Ek dink ons het dit hier reggekry.”

Hulle het. Vir elk van die 12 gedigte is ’n animasiekunstenaar, in sommige gevalle meer as een, aangewys nadat Grobler onder meer op sosiale media animeerders genooi het om by die projek betrokke te raak.

Twaalf Afrikaanse gedigte, geskryf deur digters, van NP Van Wyk Louw tot Ronelda Kamfer,

is gekies vir dié projek. Ek het ingestap (jy kan enige tyd tussen 09:00 en 18:00 inloer) net toe “Vroegherfs” van NP Van Wyk Louw voorgelees word.

Die stemkunstenaars is ook ’n belangrike komponent van hierdie kunsvorm en Chris van Niekerk se diep, soet afgeronde stem het die perfekte herfsatmosfeer vasgevang.

Ingrid Jonker se stem het uit die graf haar eie “Bitterbessie Dagbreek” voorgedra, met ’n sterk



Lina Spies, digter, en Diek Grobler, artistieke regisseur.
FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



visuele impak, ’n kamera wat rus op dennebome en getekende figure wat daaruit groei en beweeg. (Dennebos herinnering/ dennebos vergeet/ het ek ook verdwaal/ trap ek in my leed.)

Danie Marais se “Jy vra my hoe my eerste soen was is in stilte” voorgedra, slegs die woorde het

Oor Fopspeen

Die Filmverse-DVD kos R100. Kyk gerus na die lokfilm by <https://www.youtube.com/watch?v=tBYOO2JZNA> Fopspeen Moving Pictures is ’n klein onafhanklike animasie-ateljee wat bestaan uit kunstenaars Diek Grobler en Charles Badenhorst. Hulle werk verkieslik in die meer tradisionele animasietegnieke, met ’n sterk voorkeur vir stopaksie/vriesraam-animasie. Hulle skep kortfilms, musiekvideo’s en toegepaste animasie met individualistiese en ’n eg Suid-Afrikaanse kinkel.

oor die skerm begin flits en die animasie was hartverskeurend, onder meer van twee getekende mense wat sag soen en dan van mekaar af wegbeweeg. Die Engelse praat van *haunting*.

Verder is daar gedigte van Gert Vlok Nel, Loftus Marais, Antjie Krog en Wilma Stockenström. Anna-Mart van der Merwe lees ook van die werke voor, asook Erik Holm, wat ’n besielende, roerende stem vir voordrag het. Ons kan maar gerus meer van hom hoor.

Van die digters wat hul eie werke voordra, is Ronelda Kamfer, Adam Small en Breyten Breytenbach. ’n Mens wonder hoekom Wilma Stockenström nie haar eie gedig voorgedra het nie. Sy is ’n gerekende akteur en sy het dan so ’n mooi stem vir die donker kant.

Dit sou ook goed gewees het om iets van Sheila Cussons te kon hoor, van haar poësie in haar eie stem beskikbaar, maar dis te verstane dat nie almal deel kon wees van so ’n wonderlike projek nie. Hopelik is dit ook nie die laaste nie.

Indien jy nie hierdie stuk in lewende lywe kan bywoon nie, gaan gerus na die ATKV-Boekwinkel en koop hom. Nog beter, gaan kyk verniet eers na Filmverse en koop hom daarna in ieder geval. Dis iets waarna jy weer en weer kan kyk. Geniet! – **Herman Lategan**

Waar kuns en poësie een word

Filmverse. Kuns. US Museum. Elke dag tot 14 Maart. 09:00 tot 18:00.

Animasie geïnspireer deur digkuns is die wegspringpunt vir *Filmverse* wat vandeeweek daaglik in die US Museum vertoon word.

Hierdie digkuns-animasieprojek is deur Fopspeen Moving Pictures en die ATKV vervaardig.

Twaalf kontemporêre Afrikaanse gedigte van onder meer Ingrid Jonker (“Bitterbessie Dagbreek”) en Breyten Breytenbach (“Ek sal sterf en na my vader gaan”) word elk in ’n animasiefilm vasgevang.

“Ek wou poësie meer sigbaar

maak en die diversiteit van die medium uitwys,” sê Diek Grobler, artistieke regisseur van die produksie.

“Ek dink ons het dit hier reggekry.”

Grobler het talle animasiekunstenaars via sosiale media gekontak om deel te neem aan hierdie projek.

Michele Nigrini en Rudolph Boonzaaier is van die kunstenaars wat films help skep het.

Nita Cronjé, die ATKV se feeste- en produksiebestuurder en uitvoerende vervaardiger van die projek, sê die produksie wil die animasiebedryf in Suid-Afrika bevorder. – **Kayla Alexander**





KOEKEDOOR

ELKE DONDERDAGAAND,
20:30



KOEK OF TERT?



kykNET